

## JOHANNES 9:1-12

As die dissipels saam met Jesus by 'n man staan wat blind gebore was, hoor 'n mens hulle reaksie: Here, kyk die stukkend... sien die ellende... HOEKOM? Dan antwoord Jesus: *“Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind SODAT DIE WERKE WAT GOD DOEN, IN HOM GESIEN SAL KAN WORD.”* In hierdie blinde man se ellende gaan julle sien waarmee God nou besig is.

Jesus fokus eers ons aandag op God se werkzaamheid in Hom. Jesus stel dit: *“<sup>5</sup> Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld.”* Christus is die Lig waarmee ons God kan sien en ken; ons eie sonde en ellende kan sien en ken; die weg kan sien, verby die kruis en die leë graf... die ewige pad, die pad terug na die Vaderhuis toe. Hoekom Christus? Hy is die Gestuurde van God. Deur sy wonde bewerk God verlossing. Oor al die eeue is die goeie nuus van Christus die enigste boodskap wat vir stukkende mense hoop bring, ongeag wat om hulle en met hulle gebeur. Waar Jesus kom, maak Hy heel wat stukkend is.

Daarom GENEES JESUS DIE BLINDE MAN. 'n Mens sou dink dat die mense in massas tot bekering sou kom. Maar julle kan gerus die res van die hoofstuk gaan lees hoe die kerkleiers die arme man ondervra het en hom uit die tempel uit verban het. Waarop Jesus die man opgesoek het en met hom 'n gesprek gehad het. Nadat die man dan ook tot bekering gekom het, verduidelik Jesus al die gebeure rondom sy genesing met die woorde: *“Ek het na hierdie wêreld toe gekom met die oog op 'n beslissing SODAT DIÉ WAT NIE SIEN NIE, KAN SIEN, EN DIÉ WAT SIEN, KAN BLIND WORD.”*

Geloof in Christus laat my sien. Ongeloof maak my blind soos die meeste Jode en kerkleiers van destyds.

- Ek is blind wanneer ek na die hier en die nou om my kyk en al wat ek sien is die ellende en die swaarkry.
- Ek is blind wanneer ek dink ek en die mensdom moet planne maak om onself te kan red.
- Ek is blind as ek die verlossende werk wat God in Christus en deur sy Gees in hierdie wêreld doen, miskyk.
- Ek sien eers werklik wanneer die Heilige Gees ...midde al die chaos en ellende om my, my na die gebroke liggaam van Jesus aan die kruis en

na die leë graf laat kyk, en dan saam met hierdie man wat blind was kan bely: *“Ek glo, Here!”*

In die boek Handeling, eintlik in die hele geskiedenis, is daar soveel voorbeelde hoe die Heilige Gees in die moeilikste omstandighede God se kinders tot geloof in Christus gebring het. Hoekom is dit die werkswyse van God? God het besluit dat Hy deur die geskiedenis, midde al die doring en distels, midde al die trane en ellende, dat Hy die harte van sy kinders gaan wen met sy volmaakte Kruisliefde. Sodat hulle, aangevuur deur die Gees, uit hulle harte uit God se liefde met liefde kon beantwoord.

Gryp die nood van ons land/wêreld jou nog in die hart? Let op die woordjie Siloam = *“die een wat gestuur is”*. Die blinde man is genees toe hy homself in die Siloambad gewas het. Die Siloambad was letterlik ’n lewensaar in Jerusalem. Water is deur ’n ondergrondse kanaal na die fontein gestuur en dit het lewe gebring.

God rus gewone gelowiges toe met sy Gees sodat ons fonteine kan wees waaruit strome lewende water vloei (Johannes 7:38). Elkeen van ons is ’n kanaal wat God se liefde die wêreld in stuur en wat vir ander lewe bring... die nuwe lewe in Christus.

#### VIR VERDERE OORDENKING BY DIE ONTDEKSGROEPE

1. Wat leer ons van God se werkswyse in Jesaja 42:16 & 53:4-5 af?
2. Bespreek hoe God deur die eeue in die swaarkry van sy kinders gewerk het. Dink veral aan die eerste vervolgdes in die boek Handeling, ook aan die vervolging tydens die hervorming?
3. Watter voordeel hou swaarkry volgens Romeine 5:3 & 4 vir ons in?
4. Wat bedoel Christus met die woorde van Johannes 7:38?

**God fokus nie daarop om ons fisiese omstandighede te verander nie. Hy gebruik ons omstandighede om ons harte te verander.**